ONDERWERP : **DIE PLAAS VAN TAFELS EN STOELE-, UITSTAL VAN GOEDERE-, EN BRAAI VAN PRODUKTE OP SYPAADJIES**

VERWYSING : 1/2/3/17

BESLUIT NR : 35/10/2002 DATUM : 28 Oktober 2002

BELEIDSOOGMERK : Om die plaas van tafels en stoele en die uitstalling van goedere op sypaadjies te beheer, ten einde effektiewe voetgangerverkeer te verseker en gevaarlike situasies te voorkom.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die plaas van tafels en stoele-, die uitstalling van goedere- en die braai van produkte op sypaadjies is 'n praktyk wat deur sake ondernemings beoefen word, ten einde hulle produkte meer effektief te bemark. Die Raad het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die voetgangers wat gebruik maak van hierdie sypaadjies en moet dus toesien dat daar nie onveilige situasies geskep word deur hierdie aktiwiteite nie.

RIGLYNE

Dat, besighede binne die regsgebied van //Khara Hais Munisipaliteit, ingevolge die bepalings van Artikel 4 van die Verordening insake die Opberging van Goedere op Besigheidspersele (PK19/1980), in die algemeen gemagtig word om handelsware op sypaadjies uit te stal, tafels en stoele te plaas en produkte te braai, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

1. Uitstallings-, braai van produkte en die plasing van stoele en tafels moet op die gedeelte van 'n sypaadjie wat direk aan 'n betrokke besigheid grens, geskied.

2. Uitstallings, braai areas en tafels en stoele moet te alle tye in ‘n netjiese toestand gehou word.

3. Uitstallings, braai aktiwiteite en tafels en stoele moet nie die voetgangerverkeer belemmer nie.

4. Indien 'n gemagtigde beampte van die Raad bevind dat 'n uitstalling, braaiery of die plasing van tafels en stoele die voetgangerverkeer belemmer, sal die betrokke besigheid onmiddellik gehoor gee aan 'n opdrag, hetsy mondelings of skriftelik van die gemagtigde beampte om die uitstalling te verwyder of te wysig.

5. 'n Besigheid wat ontevrede is oor 'n opdrag van 'n gemagtigde amptenaar ooreenkomstig paragraaf 4, sal 'n reg tot appèl na die Munisipale Raad hê en die Raad se beslissing is finaal en bindend.

6. Dat besighede wat van hierdie vergunning gebruik wil maak, vooraf goedkeuring van die Raad moet verkry.

7. Geen strukture soos skermreëlings, braaiplekke en tafels en stoele ens. mag op die sypaadjie vasgeheg word nie.

PROSEDURE

I. 'n Skriftelike versoek om toestemming vir die uitstalling van goedere-, die braai van produkte en die plasing van tafels en stoele op sypaadjies, moet by die Direktoraat Korporatiewe Dienste, ingedien word.

II. Die skriftelike versoek moet duidelik aandui, waar daar beoog word om die uitstalling, braai geriewe en of tafels en stoele te plaas, sowél as die duurte van die aktiwiteit.

III. Die aansoek word tesame met alle nodige inligting na die volgende Direktorate/Afdelings vir insette en ondersoek verwys:

Stadsbeplanning en Boubeheer
Verkeersdienste
Omgewingsgesondheidsdienste
Brandweer.

IV. By ontvangs van bogenoemde insette en vereistes, word ‘n item deur die Direktoraat Korporatiewe Dienste voorberei vir besluitneming deur die Raad.

V. Die Direktoraat Korporatiewe Dienste voorsien die Aansoeker sowel as die relevante Direktorate/Afdelings van die Raad se besluit, tesame met alle voorwaardes, indien enige.

ROLLE

Die Direktoraat Korporatiewe Dienste administreer en koördineer die aansoek

Die volgende Direktorate/Afdelings lewer insette en bepaal die nodige vereistes waaraan die aansoek moet voldoen:

Stadsbeplanning en Boubeheer
Verkeersdienste
Omgewingsgesondheidsdienste
Brandweer

VERWANTE BELEID

Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.